JULIE TOT SEPTEMBER 2018 | NUUSBRIEF

MOMENTUM

dra my in die wintertye

LewenSentrum
GEMEENTE
Om God en mens liewer te hê

REDAKTEURSBRIEF

ENIGEWEERSVRIENDE

Dis moeilik om te definieer wat ‘n “goeie” vriend is. Iemand het eendag gesê: “Om getroue vriende te hê is soos om ‘n stukkie hemel op aarde te beleef.” Maar ai – ons skiet soms ver daarin te kort om getroue vriende vir mense te wees, soos wat ons verwag hulle vir ons moet wees. Die ding is, soos met die weer gaan vriendskappe ook deur tye van sonskyn, bewolktheid, hael, sneeu en ryp.

Vriendskappe is maar ‘n spieël van die lewe.

Dit is nie altyd net maanskyn en rose nie. Maar om daaraan herinner te word hoe om die beste vriend moontlik te wees, is die Woord altyd daar as ons gids. Galasiërs stel dit so mooi waar daar oor die vrug van die Gees geskryf word: “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.” Dis dalk ‘n goeie wegspringplek met vriendskappe ook. As mens jou vriende met liefde en altyd, sover menslik moontlik, met vreugde behandel en in vrede en harmonie vriende kan wees; as mens altyd geduld met jou vriende het en in alle omstandighede vriendelik met hulle kan wees; as mens goedhartig en getrou aan jou vriende kan wees; as mens nederig kan bly in jou vriendskappe en selfbeheersing aan die dag kan lê, kan mens die beste vriend, of vriendin wees wat daar is. In enige weersomstandigheid. Al voel dit soms vir mens of ‘n weerligafleier baie handig te pas sal kom.

Deur Stefan van Niekerk

MUSIEK BLOG:

Dit klink na ‘n snaakse vraag. Almal kan mos doen net wat hulle wil! Tog is dit nie so eenvoudig nie. Soos in vorige artikels geskryf, is aanbidding slegs moontlik as jy in verhouding staan met iemand. Jy kan nie iemand aanbid as jy hom of haar nie ken nie. En hoe vlakker die verhouding, hoe vlakker die aanbidding. ‘n Voorbeeld: Ek kan goed praat (met lof) oor Bill Gates. Wat hy alles doen wat oulik is, wat ek in die koerante lees, ensovoorts. Maar net sy vrou, kinders en mense wat regtig naby hom is en intiem met hom verkeer op persoonlike vlak, kan REGTIG sy lof besing.

Dus is die sleutel tot lof en aanbidding ... VERHOUDING! Eers wanneer ek iemand KEN kan ek hom regtig loof en aanbid. Enige iemand kan staan en aanbiddingsliedjies sing in ‘n kerk, maar daardie selfde liedjie raak diep aanbidding as dit uit verhouding vloei.

Hoe kom ek in verhouding met Hom? Dit is juis die goeie nuus van die kruis: Joh. 1:12 sê: “Almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy die mag gegee om kinders van God genoem te word, aan hulle wat in Sy naam glo. Joh. 17:3 sê Jesus: “En dit is die ewige lewe, dat hulle U (die Vader) KEN.”

Jy ontvang die ewige lewe deur te glo in Jesus en die vergifnis wat Hy gee omdat Hy klaar die prys vir jou sonde betaal het deur sy dood aan die kruis. Na dit is die enigste reaksie wat daar kan wees: Lof en aanbidding!!

Deur Jean Marais
Hoof-aanbiddings leier

Grace Trinity help by HMR

‘n Groepie meisies van Grace Trinity school for Girls, wat onlangs by HMR, saam met ‘n span vrywilligers kom help het met die uitsortering van klere en speelgoed, asook die pak van kospakkies vir minderbevoorregte persone het ongelooflike werk gedoen. Die projek was uiters suksesvol deur almal wat betrokke was. Ons wil veral vir Zelanda Vosloo bedank vir haar bydrae in hierdie verband.

Deur Francois Fouché

WAG VIR SEISOENSVERANDERING



Daar is min dinge so moeilik soos wag. In die Christelike geloof is wag en geduld groot karaktereienskappe wat nagestreef moet word. Ons sien God is geduldig en wag vir die mensdom om gered te word. Die kerk moes wag vir Christus se geboorte. Christus moes drie dae wag om uit die dood opgewek te word en 40 dae wag om op te vaar hemel toe. Daarna moes die dissipels 10 dae wag vir die uitstorting van die Heilige Gees.

Wag is deel van ons verhouding met Jesus, ons wag geduldig vir sy wederkoms en ons finale verlossing. Maar wag is nie maklik nie, al is dit hoe deel van ons lewe en al beoefen ons dit amper elke dag iewers in ons lewe, dit bly vir ons moeilik. Nog ‘n moeilike wag, is die wag vir verandering van seisoene. Aan die einde van Julie en iewers in Augustus kan ons nie meer wag vir die lente om te kom nie. Vir my op die plaas kan ons nie wag vir die eerste reën en die draai van die seisoen nie. In die natuur weet jy die tyd is naby dat die seisoen gaan draai, maar in jou persoonlike lewe is die wete nie altyd so maklik nie.

Wanneer jy deur ‘n moeilike tyd gaan, dink jy en voel jy asof dit vir ewig gaan aanhou. Jy is ongeduldig dat hierdie moeilike seisoen net sal verbygaan. Dit is hierdie wag vir seisoensverandering wat vir jou en my so moeilik is. ‘n Moeilike seisoen kan enige iets wees van siekte, finansies, verhoudings, ens. Die wag in hierdie tye voel verskriklik.

DIE VRAAG IS HOE WAG EK?

Eerstens begin dit vir my met die geloof om te weet dat God elke seisoen sal laat verbygaan. Geen winter hou vir ewig nie. Tweedens gaan dit vir my oor die lesse en die goeie wat elke seisoen bring. Daar is altyd iets wat ek kan leer en daar is altyd iets goeds en moois wat uit ‘n moeilike tyd kan kom. Derdens is daar ‘n beginsel van besig wees met ander mense se hartseer.

Tyd en wag gaan makliker en vinniger verby wanneer jy nie net op jou eie seer fokus nie, maar opreg betrokke in ander mense se lewens is. Dink aan die lang rye by ‘n bank, wanneer jy met iemand gesels gaan die tyd soveel vinniger verby. Dieselfde met seisoene, dit help om nie net op jou eie lewe te fokus nie, maar dalk ook iemand anders te ondersteun en vir hulle te bid.

Sterkte met die seisoene van jou lewe en sterkte met die wag.

Groete,
Andries

2018-GHOLFDAG

Die 2018-gholfdag was weereens ‘n baie suksesvolle dag met ‘n vol veld spelers, baie lag en hope pret. Groot dank en waardering aan alle borge en donateurs. Sonder julle sou die dag nie moontlik gewees het nie. Die wenners van die gholfdag was:

Anton Lombard en Gert Pretorius

LewenSentrum Gholf

Die Bybelse waarheid lui: " ... vinnig om te luister, stadig om te praat ..." Hoeveel kinders maak ons nie seer met ons woorde nie?

Hoor hier:

4 x sigbare tekens dat jy geboelie word:

- Gereelde nagmerries
- Slegte skoolpunte
- Verloor jou eetlus
- Wil nie skool toe gaan nie

Met ander woorde:

- Dit kan ons groei en vordering beïnvloed.
- Kan lei tot 'n lae selfbeeld en maak dat ons in vrees lewe!

TABOE! DAARMEE, BOELIE!

Ek is bestem vir GROOT DINGE.
HOEKOM … wie is die ware JY?
Hier by my ... kry jy jou RY!!!

4 x Onsigbare tekens van boelies:

1. Jy word uit 'n vriendegroepie uitgesluit.
2. Maats versprei stories oor jou.
3. Jy word geterg, of verkleineer.
4. Maat weier om met jou te praat.

Ai toggie, ek dink jy's jaloers, en sleg op koers!
Ons moet opstaan vir mekaar, jy weet in jou hart as iets verkeerd voel, ... STOP daardie "Boeliebakke" ... hulle sit self met 'n paar knakke.

Kleingroepleiersopleiding –

30 en 31 Julie 2018 OF 10 en 11 September 2018 van 18:30 tot 20:00

Ons glo dat God leiers kies, roep en toerus deur die Heilige Gees om mense te beïnvloed deur hulle van diens te wees, sodat hulle sy doel vir die lewe sal ontdek en uitleef om sodoende ‘n ewigheidsverskil in die lewens van mense in God se wêreld te maak.

Is dit vir jou belangrik om:

- Perspektief oor sake te behou wat jou in staat stel om te fokus op die doelwit voor jou?
- Gereeld tyd te maak om innerlik sterk en gevoed te word deur jou intimiteit met Christus?
- Gedissiplineerd te wees in belangrike areas van jou lewe?
- ‘n Positiewe ingesteldheid te hê om altyd meer te kan leer?
- ‘n Netwerk van betekenisvolle verhoudings te handhaaf asook belangrike mentors te hê?

Wil jy graag:

- God verheerlik?
- Die regte vrug te dra?
- ‘n Voorbeeld vir ander wees?
- Jou gawes gebruik om ander te dien?
- Wag hou (herderskap) oor ander?
- God se boodskap van versoening oordra?

Dan wil ons jou nooi om deel te word van ons kleingroepleierspan! Doen die opleiding saam met ons en fasiliteer daarna jou eie kleingroep as kleingroepleier.

Inleiding tot kleingroepe –

17 en 24 Julie 2018 OF 18 en 25 September 2018 van 19:00 tot 20:00

Is jy 'n doodgewone mens op soek na geestelike groei en egte verhoudings? Die antwoord lê daarin dat jy in 'n omgewing moet inskakel waar liefde vir God en mens prakties uitgeleef kan word. So 'n plek sal jy binne 'n kleingroep van LewenSentrum vind.

In ons kleingroepe:

- Wil ons betrokke wees by sending en uitreik
- Bevorder ons saamwees in Christus (Koinonia)
- Leer ons uit God se Woord vir vandag se lewe
- Gebruik ons aanbidding om God te verheerlik
- Wil ons diensbaar wees
- Wil ons nuwe mense gereeld en gemaklik laat inskakel

Kontak Andries Minnaar by minnaar@als.org.za of 011 867 7244 om te registreer en kom kyk waaroor kleingroeplewe gaan!

Kleingroepe-inligting

Alberton LewenSentrum

Eredienstye: Sondae 08:15 | 10:15 | 18:00
Kerkkantoor: 011 867 7244
Noodnr: 079 524 7945
E-pos: info@als.org.za
Webtuiste: www.lewensentrum.org.za

Bankbesonderhede:
Alberton LewenSentrum
Nedbank
Rek: 152 00 44 836 | Tak: 196 005

Kaap LewenSentrum

Eredienstye: Sondagoggende: 09:15
Kerkkantoor: 021 913 3812
E-pos: info@kls.org.za
Webtuiste: www.lewensentrum.org.za

Bankbesonderhede:
Kaap LewenSentrum
Nedbank
Rek: 1118 728 882 | Tak: 196 005

Wesrand LewenSentrum

Eredienstye: Sondae: 09:15 | 18:00
Kerkkantoor: 011 246 7013
E-pos: info@wrls.org.za
Webtuiste: www.lewensentrum.org.za

Bankbesonderhede:
Wesrand LewenSentrum
ABSA
Rek: 4082 445 430 | Tak: 632 005

LEWENSENTRUM-SKOLE

Dogmaskool:
(Francois Möller)
Depressie -- Depressie is deel van elke mens se lewe. Dit is ‘n vrug van die sonde wat ons wêreld binnegedring het, en nie deel van die Koninkryk van God uitmaak nie. Die belofte van Openbaring 7:17 is: en God sal al die trane van hulle oë afvee. Kom vind uit hoe om depressie beter te verstaan.

Bybelskool:
(Stephan Joubert)
Wat is God se wil? Het jy al ooit gewonder wat is God se wil vir jou lewe? Kom reis saam met Stephan Joubert deur die derde kwartaal se Bybelskool waar ons 'n Bybelse begrip gaan kry oor wat God se wil is vir ons lewens.

Ritmeskool:
(Pierre Engelbrecht)
Hoe lyk dit as ek God lief het met my hele siel? Tydens die derde kwartaal gaan ons in diepte kyk na die 3de ritme van Lewensentrum, om God lief te hê met my hele siel.

Dimensieskool:
(Pierre Engelbrecht)
Hoe lyk 'n dissipel se fisiese liggaam? By die Dimensieskool fokus ons op hoe ons as dissipel onsself lief het. Hoe lyk ons lewe as ons God en ons naaste lief het soos God van ons vra? Weet jy dat God wil hê ons moet Hom en ons naaste lief hê met ons fisiese liggaam ook? Kom reis saam waar ons kyk hoe dit behoort te lyk.

Vir meer inligting registreer by die Inligtingstoonbank, of kontak Rina by 011 867 7244.

Emmanuel

Artikel: Hanta Schutte
Foto: Johan Schutte

Voor: Rina Basson, Kevin Leo (gaskunstenaar), Loraine Janse van Rensburg, Delene Niemand en Freek Janse van Rensburg. Agter: Joey Basson, Annette Wilken, Sam Adendorff, Martie Craig en Clive Graig.

Die Afrikaanse sanger Kevin Leo het onlangs by Emmanuel kom kuier. Hy is 'n boorling van Rustenburg en sing beide klassieke en ligte musiek. In 2006 het hy aan 'n internasionale kompetisie in Italië deelgeneem waartydens hy vierde plek behaal het. Hy is toe as Pavarotti Pocco (klein Pavarotti) aan die gehoor voorgestel. Vir die jaar 2018 het hy besluit om 21 optredes gratis aan senior groepe te bied. Dit het hy gedoen omdat dit sy 21ste jaar in die bedryf is. Die Emmanuelgroep was natuurlik eerste op sy lys. Die verwelkoming is dan ook op die gepaste wyse deur Marelie Rabie gedoen. Daar was heerlike romantiese liedjies gesing, terwyl hy tussen die gaste rondbeweeg het. Hy het sy optrede met 'n paar gospelliedjies en 'n getuienis afgesluit, waarna hy deur Johan Schutte bedank is en Mariana Steenkamp aan hom 'n vrugtemandjie oorhandig het. Hierna het die groep saam gekuier met die tafels vol verversings en ook tee en koffie geniet. **Vir verdere inligting kontak Marelie Rabie by 011 864 1285 gedurende kantoorure.**

Die graad 7's van Oorgee het onlangs hulle Big Day by Thaba Trails gevier. 'n Ongelooflike dag waar ons die geleentheid gehad het om weer die roete tot bo-op die berg te stap om die uitsig oor Alberton te bewonder. Ons tema vir die dag was Lig en hoe ons hierdie stad as graad 7's kan beïnvloed en ons merk op die samelewing kan los. Oorgee het die aand met 'n buitelugdiens afgesluit ... 'n gebeurtenis wat altyd onthou sal word.

BIG DAY

Trefpunt se Big Day was beslis een gewees om te onthou. Met kosstalletjies, *inflatables* en 'n 1000 tieners was dit 'n wenresep vir lekker kuier en vet pret gewees. Magies vol en glimlagte op die gesigte was daar 'n groot afwagting vir die diens saam met die orkes ANDERS en die studente-toergroep Pneumatix, gewees. Die Here het hulle magtig die aand gebruik dat soveel jongmense Hom kon beleef en ervaar en met nuwe hoop die lewe ingaan. Alle eer en glorie aan die Here vir die sukses van Trefpunt se Big Day.

Het jy Talent?

Alberton LewenSentrum se jeug hou weer hulle jaarlikse talentkompetisies. As jy tussen die ouderdom van 12 tot 18 is en jy het talent wil jy beslis nie die kans mis om weg te stap met groot pryse nie. Al kom neem jy nie deel nie is jy meer as welkom om te kom kyk hoe jou vriende hulle talente vertoon.

Vir al die graad 7's, die Oorgee Star se finaal is op 14 September en alle oudisies sluit op 31 Augustus. **Vir 'n oudisie, kontak gerus vir Ruan Rabie by 076 793 0297.**

Hoërskoolleerders, Trefpunt's Got Talent vind op 31 Augustus plaas en hulle oudisies sluit 17 Augustus. **Vir 'n oudisie, kontak gerus vir Darius van der Schyf by 072 822 8267.**

ALS BELANGRIKE DATUMS:

JULIE - SEPTEMBER

NAGMAAL
1 Julie, 5 Augustus, 2 September

ONTDEK-JOU-PLEKKURSUS
DATUM: 17 en 18 September
TYD: 19:00 – 20:00
Ontdek-jou-Plek se doel is om lede van die liggaam van Christus (die gemeente) te help om effektief en geesvervuld hul plek in die liggaam en gemeenskap te identifiseer en in te neem.
Registreer by die Inligtingstoonbank, of stuur 'n e-pos na rina@als.org.za

OUERSKAPKURSUS
DATUM: 30 Julie, of 27 Augustus, 25 September
TYD: 17:50 – 20:00
Daar is twee redes hoekom enige persoon ouerleiding nodig het. In die eerste plek is dit omdat daar nie 'n resep vir ouerleiding is nie, maar net beginsels ...
Registreer by die Inligtingstoonbank, of stuur 'n e-pos na rina@als.org.za om meer uit te vind.

INLEIDING TOT KLEINGROEPE
DATUM: 17 & 24 Julie, of 18 & 25 September
TYD: 19:00 – 20:00
Is jy 'n doodgewone mens op soek na geestelike groei en egte verhoudings? Die antwoord lê daarin dat jy in 'n omgewing moet inskakel waar liefde vir God en mens prakties uitgeleef kan word. So 'n plek sal jy binne 'n kleingroep van LewenSentrum vind.
Registreer by Andries Minnaar by 0824631645, of stuur 'n e-pos na minnaar@als.org.za

DOOPGESPREK
(groot doop)
DATUM: 30 Julie, of 25 September, 27 Augustus
TYD:19:00 – 20:00
Die verskillende Christelike denominasies is dit eens dat die sakrament van die doop iets verkondig van die kern van die evangelie van Jesus Christus ...
Indien jy meer inligting rakende die doop verlang, registreer by die Inligtingstoonbank of stuur 'n e-pos na rina@als.org.za

NUWE LIDMAATKURSUS
DATUM: 28 Julie
TYD: Saterdag, (08:15 – 12:30, asook 6 x Dinsdagaande – 19:00 – 20:00)
Kom vind uit hoekom lidmaatskap en wat is LewenSentrum se visie, missie ens.?
Waar pas LewenSentrum in God se koninkryk? Wat moet vir Jesus in die koninkryk bereik word?
Voltooi die terugvoerstrokie om te registreer.

HUWELIKSKURSUS
DATUM: 30, 31 Julie asook 1 Augustus
TYD: 19:00 – 21:00
Dit is belangrik dat ons mekaar se uniekhede en verskille moet aanvaar … kom vind uit wat jy kan doen.
Registreer by die Inligtingstoonbank, of stuur 'n e-pos na rina@als.org.za

KLEINGROEPLEIERS-OPLEIDING
DATUM: 30 en 31 Julie 2018 OF 10 en 11 September 2018
TYD: 18:30 tot 20:00
Ons glo dat God leiers kies, roep en toerus deur die Heilige Gees om mense te beïnvloed deur tot diens van hulle te wees, sodat hulle sy doel vir die lewe sal ontdek en uitleef om sodoende 'n ewigheidsverskil in die lewens van mense in God se wêreld te maak.
Registreer by Andries Minnaar by 082 463 1645, of stuur 'n e-pos na minnaar@als.org.za

Elke seisoen is ‘n ingesteldheid.

Die Kaap het reën gekry! Alle eer aan die Here daarvoor. Daar is nie ‘n manier om te verduidelik wat met ons Kapenaars gebeur het gedurende die afgelope droogte nie. Na 51 jaar het ek nuwe ervaringe en ‘n nuwe manier van lewe noodgedwonge leer ontdek, leer leef. Die vanselfsprekende ervaring om te bad wat ewe skielik ‘n totale taboe geword het, en soveel ander dinge.

Jy kyk heeltemal nuut na die lewe, en soms wens jy, bid jy, smeek jy dat die seisoen net verby sal gaan.

Ons Kapenaars geniet nog elke druppel van ons koue reënseisoen terwyl baie van julle nie kan wag om die eerste swaar druppels te sien plons in die stowwerige strate van waar julle woon nie. Iemand het eenkeer gesê: “Sonder die winter sou ons die lente nie soveel waardeer het nie.”

Die lente en bloeisels verander ons vaal wêreld in ‘n nuwe seisoen vol geur en voëlgesang. Dis belangrik dat ek en jy sal soek na die mooi om ons.

Dat die krag van dankbaarheid en die lekker van menswees trots in ons broei. Ons het almal dinge wat ons seën. Dinge wat ons bly maak. Sommige vind dit in ouerskap, ander weer in drome oor die dag van môre, of ‘n nuwe kreatiwiteit wat skielik na vore blom.

Elkeen van ons het ‘n geur wat ons hier op aarde versprei. Hierdie geur het ‘n inherente vermoë om te koester en te troos en die onstuimige binneste van dié wat verwelk het, tot ontvouing te laat ontkiem. Daar is een ding wat ek geleer het in die ergste droogte van die Kaap in 100 jaar: die lewe is vol seisoene, makliker en moeilike seisoene, hanteer hulle, leef hulle, tot die tyd aanbreek wat dit draai, want dit breek aan. Niks hou vir altyd nie. As gelowiges weet ons ook daar is soveel ander goed wat vrede in jou hart laat blom: Wanneer ons in vergifnis leef, kring dit uit na almal rondom ons.

Wees goed vir jouself in hierdie seisoen van jou lewe, moenie alles tegelyk wil doen nie, maar besluit om liewer te fokus op rustiger, stadiger en geduldiger dae. En hierin praat ek voorwaar met myself.

Elke seisoen is ‘n ingesteldheid. Dit is die uitleef van ‘n onstuitbare lewensdoel, tree vir tree. Dit is die tot-rus-kom van ‘n versadigde, tevrede siel. Albert Camus, ‘n bekende Franse skrywer-filosoof met ‘n veelbewoë lewe, het dit so verwoord: “In die hart van die winter het ek uiteindelik ontdek dat daar binne-in my ‘n onoorwinlike somer is.” Aangrypend!

Mag die Here se seën jou ingesteldheid vir die seisoen waarin jy nou leef kom aanraak deur Sy deurdringende en onuitputlike bron van liefde: “Die Here is voor jou ... om die weg gelyk te maak. Die Here is langs jou... om jou in Sy arms toe te vou. Die Here is agter jou ... om die aanvalle van die Bose af te staan. Die Here is onder jou... om jou te dra as jy mag val. Die Here is rondom jou ... om jou te beskerm. Die Here is bokant jou... om jou te seën. Die Here is binne jou ... om jou te inspireer en te lei. Van Nou Af Tot In Ewigheid. Met die grootste liefde vanuit die hart van Kaap LewenSentrum – die gemeente wat vir jou bid!



Hugo Weich

Moedersdag by KLS

KLS se Jong Volwasse leiers is Marco en Lizhan (Laing) Haasbroek. Hierdie oulike paartjie is onlangs getroud en kuier elke Woensdagaand saam met die jong volwassenes - natuurlik nie terwyl hulle op...”honeymoon” was nie.

Tydens Moedersdag 2018 was daar ‘n fotohoekie wat gesorg het vir baie pret en mooi familiefoto’s. Die Kaap is baie ver van die ander LewenSentrums en daarom stel ek graag ‘n paar van ons mense aan julle bekend. Julle gaan hulle beslis raakloop wanneer julle KLS besoek. Daar is natuurlik nog vele meer mense, en ‘n groot klomp wat hard werk, voor en agter die skerms, maar jy sal maar self die Kaap moet besoek om hulle te kom ontmoet.

Hugo Weich

KLS se KIDEAS Kinderkerk hou Hemelvaart

Onder leiding van "tannie" Lorriaan du Plessis en haar bekwame span vrywilligers, het KLS se kinders 'n praktiese belewenis gehad van wat met hemelvaart gebeur het. Die kinders het die ervaring gedeel in heerlike buitelug saamsing, asook die belewenis van 'n klomp ballonne wat hulle eie hemelvaart geneem het. Daarna het hulle 'n mooi lessie geleer van "hoe" die Heilige Gees van God nou in elkeen van ons kom woon het. KLS Kideas is groot pret en beslis die plek om te wees. Die Here het ook wonderlike deure oopgemaak en die kinders vergader nou deesdae in die Gimsaal van Hoërskool Bellville. Daar is net soveel meer plek en ruimte vir heerlike pret. Ons vertrou die Here vir 'n groei-deurbraak en vir nog 'n klomp jong kindersiele wat uitvind hoe lekker dit by KLS Kideas, is.

Lorriaan du Plessis

KLS se Mannebediening skop af op ‘n 4 x 4-noot!

Vroeër die jaar het die eerste groot geleentheid van die manne van Kaap LewenSentrum gebeur. In stof en modder, met groot karre en groot pret, met ‘n hele klomp manne, pa’s en seuns. Wonderlike dinge het gebeur en daar is iets positiefs onder die manne losgelaat wat die hele atmosfeer by KLS beïnvloed. Manne het nie net ingekoop by buitelugpret nie, maar hulle het ook ingekoop by die hele idee en visie van KLS: om God en mens liewer te hê. Ons is nou ‘n groep manne wat saamstaan en wat ‘n verskil maak, wat groter is as net die mure van die kerkgebou. Die Here het ons werklik kom seën en ons sien uit na ‘n opwindende pad vorentoe. Daar word nog heelwat sulke geleenthede vir die manne beplan, en ons weet dat die Here in die proses ons kom verander, maar ons ook nader aan mekaar bring sodat ons ‘n groter verskil in die gemeenskap kan maak. KLS – die plek om te wees. Vir mannesake en beplanning, kontak gerus vir TG Dirkse van Schalkwyk, en Jacques Nortje, die manne wat voorloop by KLS se mannebediening. **(tg@multipallets.co.za & jlnortje@gmail.com). Jy kan ook direk kontak maak met ons kantoor by 021 9133 812 vir enige verdere navrae.**

Willem Labuschagne en seuns.

BRANDWAG

Vroegoggend in die bosveld, of as jy met 'n lekker koffie in die wildtuin die sonlig inwag, hoor jy baie keer in die verte die waarskuwende geroep/skreeu van 'n bobbejaanmannetjie.

"Dis die brandwag", sal iemand van die reisgeselskap noem. "Hy waarsku die diere of hy roep sy familie bymekaar". Dit is iets wat ek al baie beleef het en elke keer laat dit my in verwondering. Eerstens, hoe ver die brandwag kan sien wanneer ek self kilometers ver van hom af loop in die bosveld en tweedens, hoe dit weergalm en elke dier die waarskuwing, die "taal" verstaan. Of soms hoe die eenvoudige, maar baie duidelike "kwê-ê-ê!" van 'n kwê-voël (grysloerie) diere by 'n watergat se hele reaksie verander. Skielik hou almal op drink, ore word gespits, die koppe draai. Elke bok, aap, voël, eekhoring, almal wakker, almal bewus van moontlike gevaar. Asemrowend hoe ons Almagtige Vader die skepping in harmonie laat leef.

Ek en jy het ook 'n "brandwag," ook 'n Helper wat vir ons uitkyk, wat waarsku, wat help om dinge te "sien" wanneer ons self kop-af besig is met ons daaglikse dinge.

Hebreers 13:6 (NAV) beskryf dit so mooi : "Daarom kan ons met vertroue sê: Die Here is my Helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?".

Die Heilige Gees "waarsku" jou en my ook elke dag van ons lewe, maar gee ook raad. Wanneer ons begin reageer op die "geroep," wanneer ons ons ore spits, ons koppe optel, ons sintuie inspan om dit wat die Heilige Gees in ons losmaak, te hoor – gaan dit lewe bring! Gaan dit ons aan die gang hou om nog 'n dag te kan doen waarvoor God ons gemaak het: Hom te dien en eer!

Dis verstaanbaar dat die klank soms vir ons nie so duidelik is soos 'n loerie se "kwê" nie, want die geraas van die wêreld doof dit uit. Maar daar is plekke, geleenthede, mense wat my en jou weer die Stem van God wil help verstaan. Elke Sondagdiens is so 'n geleentheid, 'n kleingroep kan 'n weeklikse "roep" wees, bedieninge waar jy in die wonderlike natuurskoon saam weer die geluide van ons harte kan hoor, of selfs geleenthede soos Jo Black (14 Oktober @ 18:00). Klanke, stemme, skrifte, gebede, is alles maniere hoe ek en jy weer ons Skepper, ons Helper se Stem kan hoor. 'n Stem wat waarsku, maar meer belangrik, 'n Stem van 'n liefdevolle Vader, Sy Seun en Heilige Gees, wat uitskreeu – Ek is lief vir jou, kom na My toe!

Klanke om ons almal te laat regop sit, ons koppe weer te draai na ons Vader toe, sodat ons waarlik lewe kan hê.

Kom luister saam met ons die volgende paar maande, en vind weer lewe!

Groete,
Darius

JO BLACK KUIER IN DIE WESRAND

deur Anchen Groenewald

Jo Black is deesdae die één Afrikaanse sanger wat geen bekendstelling nodig het nie.

Met sy artistieke, "voel-goed" melodieë, diep stem en selfs dieper lirieke, het hy Suid-Afrika betower vanaf sy heel eerste enkelsnit "Skepe," wat binne die eerste vyf maande van vrystelling reeds 1 022 000 trefslae op YouTube bereik het. Met sy inisiatief "Be That Guy/Be That Girl", bring hy sélf die hoop weer terug en streef hy daarna om vir beide mans én vroue inspirasie te gee. Hierdie inisiatief dien ook as 'n beweging wat kinders help bou aan 'n positiewe houding en mentaliteit.

Hy het self 'n moeilike lewenspad gestap, wat hom in staat stel om deur sy lirieke en praatjies die motiverende boodskap van hoop en inspirasie oor te dra.

Maar die vraag is egter, wíé is hierdie man met die groot baard, met só veel hart en siel in sy musiek?

Sy eie storie is aangrypend en inspirerend. Sy stem is manlik, maar gelaai met emosie.

Op 14 Oktober tydens WRLS se aanddiens om 18:00 by die Privaat Skool Maragon, kry ons die geleentheid om eerstehands te luister na sy getuienis, die stories-agter-die-stories, sowel as die opbouende treffers waarna ons almal met graagte luister! Toegangsfooi is enige nie-bederfbare voedsel, wat ingesamel word ten bate van LewenSentrum se jaarlikse welsynsprojek, "Miracles" wat in Desember plaasvind. **Vir meer inligting, stuur 'n epos na info@wrls.org.za of skakel die WRLS kerkkantoor by 0112467013.**

Hierdie is 'n ervaring wat julle nie wil misloop nie!

KIDEOS Pret!

Opwinding, skaterlag, speel en dans is maar 'n paar van die woorde wat gebruik kan word wanneer ons kinderkerk beskryf word! Ons kinderkerkdiens is gelaai met pret wat geskik is vir elke ouderdom. Ons begin elke Sondag deur die kinders te verwelkom, hulle speel dan totdat almal daar is en die program begin. Dit is dan daarna waar een of meer van die vrywilligers saam met die kinders sing en dans. Hierdie is een van die gedeeltes wat die kinders baie geniet. Daarna word die kinders in hulle onderskeie ouderdomsgroepe verdeel en klassies toe geneem. Die lesaanbieder is entoesiasties en dra die voorbereide les aan die kinders oor, daarna doen hulle 'n aktiwiteit wat wissel van bak en brou tot maskers maak. Die kinders speel dat die stof so staan totdat mamma en pappa uit die kerk kom en hulle kom haal.

Dit is altyd lekker om Jesus met jou maatjies te deel, so bring hulle saam as julle kom kuier!

Vriendelike groete,
Bianca

Markplein-bediening

Is jy geroep as 'n sakepersoon, iemand in 'n beroep, in 'n gespesialiseerde bedryf? Of dink ek en jy dat dit net die persone in die kerk is wat geroep is?

deur Christo Ras

Ek dink daar is groot verwarring in die wêreld vandag aangaande ons rol in die wêreld van besigheid. Dit is tog so dat met die skepping God die mens opdrag gegee het om te werk. (Genesis 2:15)

In Genesis 3:8 lees ons dat die mens en sy vrou die stem van God hoor terwyl Hy in die aandwindjie wandel. Kom ons neem aan dit was die tyd wat Hy met Adam kom gesels het oor die die dag se verrigtinge. Reg deur die Bybel sien ons dat hierdie wonderlike Vader Hom graag bemoei met die mens se daaglikse bestaan. Selfs in die Nuwe Testament in Matteus 6 vers 25 – 34 vind ons dat Jesus ons aanmoedig om God te vertrou met ons lewensverwagtinge en werksverrigtinge. Kortliks, wat ons hier vind, is dat ons God totaal in ons besigheid, beroepe en bedrywighede moet intrek.

Ons hier by WRLS het met 'n sakepersoon-bidgroep begin waar ons juis hierdie waarhede met mekaar, biddend en meelewend, bespreek. Bywerkend tot die Bybel gebruik ons die boek "*Change Agent*" wat deur Os Hillman geskryf is. Hierin word elke sake- en werkende persoon opgeroep om deur sy/haar lewende toegewyde verhouding met Jesus Christus 'n agent van verandering in die markplein te wees. Ons is geroep om te werk en ons is opdrag gegee om God in alles wat ons doen, dink en sê te verheerlik. Matteus 5 :16 sê dit onomwonde: "Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." Wat 'n uitdaging, wat 'n roeping, wat 'n opoffering!

Méér as Net-Werk

It takes a lot of time being young.
Pablo Picasso

Daar word gesê dat dít wat ons vreugde gee, nooit verlore gaan nie en dít wat ons liefhet deel van ons word. Vir jongwerkendes is die vreugdes dikwels min en die daaglikse uitdagings baie, maar Donderdagaande getuig van die teendeel. Vanuit die staanspoor was die doel van Netwerk om in mekaar se vreugdes en vrese en vrae te deel. Dis ‘n ruimte van vertroue en vertroosting en verhouding. Dit is inherent deel van wie ons is, van wie ons streef om te wees en ook van wie ons níe wil wees níe. Sedert ons afskop, is stories gedeel, musiek gemaak, kreatiwiteit getoets en geestelike groei beleef. Die res van die jaar lê oop en uitgestrek voor ons, die potensiaal, groei en vreugdes legio. Maar een ding weet ons vir seker – vreugdes sál daar wees en deel van ons sál dit word.

Indien jy nie reeds het nie, skryf hierdie weeklikse byeenkoms in jou dagboek. Jy is so welkom! Caffe Espresso, Donderdae 19:00. Volg ons op Facebook vir teasers en verdere inligting.

So terwyl ons nog kan, kom ons skater en skerts en droom. Kom ons geniet hierdie seisoen, tot die volgende..

Deur Anri Boshoff

LewenSentrum Gemeente Wesrand

NW NETWERK